’N TWEEDEHANDSE KLEED

Ek was nou net by die pastoor. Ek het gesê. . . Ek het hom gister gevra om my te bel. En ek het uitgevind, ek net. . . Heeldag lank, was daar geen oproepe nie, en ek het gedink: “Wel, wonder wat is verkeerd? Iets is. . . Alles is so vreedsaam.” En naderhand, het Suster Wood gekom met ’n handvol oproepe. My telefoon het afgegaan, so, as enige van julle geskakel het. Die telefoon het gelui, maar dit wou nie weerklink daarbinne nie, so die probleem was onder by die skakelbord. Hulle het dit omtrent agtuur gisteraand reggemaak, of miskien ’n bietjie vroeër, en, die telefoon, die oproepe kom nou deur.

2 Ons is bly om in die diens te wees vanmôre. Ek het ’n vreeslike verkoue, wat ek gewoonlik kry wanneer ek huistoe kom. Loop in sneeu rond tot by jou middel, en slaap buite in die nag. Dink nooit daaraan op plekke ver van hier nie, maar net oorkant daardie heuwel daar by New Albany, is al wat jy moet doen, is om in hierdie vallei in te kom, dan kry ek ’n slegte verkoue. En dis ’n. . . Ek weet nie, daar’s iets reg in die vallei hier, wat dit onderdruk. En dis laag, en dit akkordeer net glad nie met my nie.

3 Nou, ons is bly om by die kerk te wees, soos ek gesê het, en om ons dierbare, goeie pastoor sy woord van voorspraak vir ons te hoor gee, en aan die Here Jesus. En—en om te hoor, hartseer om te hoor soveel is siek en behoeftig, en hoe die duiwel op die oorlogspad is om almal siek te maak.

4 En ’n dametjie het opgestaan oor haar suster daaragter, en ek weet Suster Sauer is daaronder by haar. Die dokter het haar nou huistoe gestuur om te sterf. En sy glo steeds sy gaan genees word. En sy is in ’n ernstige, baie ernstige toestand. My skoonma, dieselfde, sewentig jaar oud nou. Sy is in ’n baie slegte toestand. En beslis baie siekte oor die land. En dan is daar ’n Heilige Gees oor die land, sien, wat ons siektes genees, as ons net guns kan vind by Hom.

5 En nou, omdat my keel seer is, nie seer nie, maar dis rou. En ek gaan nie probeer preek nie, maar net ’n tydjie met julle praat uit die Woord, en dan oorgaan na gebed vir die siekes, wat ek belowe het om te doen. Maar net voor ek dit doen, wil ek graag nog ’n paar dienste aankondig. Ek. . .

6 In my dienste het ek soort van ’n bietjie teenstand van. . . nie teenstand nie, maar net ’n bietjie misverstande. En baiekeer, het ek—ek nie die bekendstellings vir my dienste, soos—soos wat baie van die ander broers op die veld het, soos radio en televisie, en tydskrifte ensovoorts nie. En daarom, wel, sou iemand sê: “Broer Branham gaan hier wees.” Nou is ek op drie plekke geadverteer vir hierdie week, net vandag, drie verskillende plekke. Een onder

in Kentucky, twee in Kalifornië, waarvan ek weet. En daar's niks wat jy daaraan kan doen nie, want ek het nie enige ander amptelike bekendstelling nie, so dit maak dit soort van moeilik.

7 En, ja, as daar dalk iemand hier is van onder naby Madisonville, Kentucky. Daar is aangekondig dat ek daar sou wees verlede week, en ek het niks daarvan geweet nie. En ek het huistoe gekom, en—en hulle het dit aangekondig; en die broer wat dit gedoen het, met die naam van Epply's. Of, ek glo dit is sy naam. In goedertrou, het hy dit gedoen. Hy het my gebel en gevra of ons net kan afkom om—om 'n seën te wees en 'n seën van sy mense te ontvang. En hy het gebel. Ek het vir hom gesê om vir Broer Moore te vra. Wel, toe, moes ek vertrek. Ek het vir hom gesê dat ek dieselfde dag moes vertrek. Wel, Broer Moore het nagelaat om enigiemand te laat weet. En toe, of om my te laat weet, of my vrou te laat weet. So ek was bo in Idaho, en het net teruggekom, en die diens was aan.

8 So, en so het ek gesien, op daardie tyd, dit kan nie reëlings tref in Louisiana vir dinge wat hier gebeur nie. So, ek het net self die reëlings oorgeneem, om my eie reëlings te tref vir die dienste, totdat my dienste het. . . Ek het net soort van. . . O, ek weet nie, ek dink belydenis is goed vir die siel. Dink julle nie so nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek was net te traag met hierdie dinge. En net enigiemand toegelaat, oral, dit net laat begaan. En ek het uitgevind, dit betaal nie. Na 'n lang tyd, sit jy. . . Jy moet een of ander stelsel daarvoor hê. En nou probeer ek die reëlings tref.

9 En ek—en ek gaan Mev. Arnold sien. Ek. . . Daar's 'n man hier in Louisville, wat baie goed was, toe ek dienste hier gehad het, en sy naam is Broer Burgum. En hy wou 'n—'n aand of twee, diens hê. Ek gaan haar klein Teddy sien, glo ek, Teddy Arnold. Vir een of ander tyd hierdie week.

10 En dan die komende Saterdag en Sondag, as ek kan, as die Here wil, wil ek onder in Madisonville wees. Hulle het vyf-en-twintig, dertig predikers daarbuite gehad. Almal van hulle wat daar gesit het, gekom vir een of ander. . . Een was ses, sewehonderd myl. Wel niemand daar nie, so was nie daar nie, en nie my fout nie, maar ek net. . . maar net deur misverstand, of deur hom nie te skakel nie. En ek sal probeer om volgende naweek daar onder te wees, as die Here wil.

11 Dan, op die vyfde tot die sesde, ek in Brooklyn, New York. En dan van dan af, op die veertiende, vyftiende, en sestiende, in Parkersburg, Wes Virginia. Pas daardie twee reëlings getref gisteraand en vanmôre. Nou, Charlotte, Suid-Carolina, is net op die lys, maar ek weet nie. Dan, kom die vakansie.

12 Dan gaan ons oor na die Weskus, waar hulle 'n—'n groot ouditoriumdiens reël. Nou hierdie is—is klein dienste soos in hoërskole en sulke goed. Die een daar oorkant op die Weskus,

gaan 'n—'n twee-stede wees, 'n gesamentlike stadsdiens, van Oakland en San Francisco.

13 En dan die Phoenix afvaardiging, siende dat Broer Roberts nie daar kan wees vanjaar nie, moet ek soort van sy plek inneem by Phoenix, in die—in die hele Maricopa streek-byeenkoms. Dis 'n gesamentlike poging.

14 En bid vir my, want ek—ek het dit nodig. En ek besef dat elke keer wat geloof ditself opstel, die duiwel elke geweer in die hel daarop rig, soos daardie, julle sien, so dit maak dit baie moeilik.

15 So, vanmôre, moet bid vir die siekes. Ek wil 'n gedeelte uit God se Ewige Woord lees, en net 'n paar oomblikke preek uit die Skrifte, en dan vir die siekes bid. O, ek hou so baie daarvan om oor Hom te praat! En julle? Ek hou net daarvan om van Hom te praat.

16 Nou wil ek uit die Bybel lees, Twee Konings, die 2de hoofstuk, die 12de vers, 'n gedeelte daarvan.

> *En* Elía *het dit gesien en geroep: My vader, my vader, die* waens *van Israel, en sy ruiters.*

17 En nou vir 'n—'n teksgedeelte, of 'n onderwerp, wil ek preek oor: *'N Tweedehandse Kleed.* So mag die Here Sy seëninge byvoeg soos ons met julle praat vanmôre. En bid julle vir ons.

18 Gedurende hierdie tyd van die heerskappy van Israel in die land. Israel was 'n volk, en dit was 'n magtige volk, en dit was soort van 'n tyd van vrede in die militêre deel daarvan. Maar in die—die geestelike deel daarvan, was dit soort van 'n—'n tyd van—van nabootsing. En as ons terugkyk in die Ou Testament, kan ons altyd voorbeelde kry van wat vandag aangaan. Altyd, in die Bybel, is die dinge wat nou is, net die antitipes van wat aan die begin was.

19 Nou, die Boek van Génesis verskaf alles wat vandag in die wêreld is. Daar's niks in die wêreld wat nie begin het in Génesis nie, want dis die begin. Daarin, het elke isme begin. In Génesis, het alles begin wat begin het. En die ware Kerk het in Génesis begin. En die valse gelowige het in Génesis begin. En die onverskilligheid het in Génesis begin. Génesis was die begin.

20 En nou, gedurende die heerskappy van Elía, of die pelgrimsreis van Elía hier op aarde, wat God se profeet van die uur was.

21 En God het Homself nog nooit sonder 'n getuie op die aarde gelaat nie. God het altyd, iewers, op 'n plek, 'n persoon gehad waarop Hy Sy hande kon lê en sou staan as 'n getuie. So as Hy dit gedoen het, daar in Génesis, aan die begin, het God, sekerlik, nou 'n man waarop Hy Sy hand kan lê. Want Hy—Hy's meer as een man nou, Hy het baie mans waarop Hy Sy hand kan lê, want ons kom by—by die insamelingstyd, die oestyd.

22 Génesis was die plant van die saad, en hierdie sesduisend jaar was die rypword van die oes. En nou het die saad self 'n saad geword. Dit het teruggegaan na die bloeisel, en van die bloeisel na die—na die vrug. En dis nou die insamelingstyd, oestyd, al die groot dinge wat begin het. Die ware Kerk wat begin het in Génesis, het afgekom na die vrugtyd, die vrugte van die Gees. En die antichris wat begin het in Génesis, het afgekom na sy vrug. En ons is net in die afsluitingstyd van hierdie wêreld se hele bedeling, die . . . van die sterflike wese. En ons is . . . Dis die grootste tyd wat enigiemand, of enigiemand van enige tydperk, ooit geleef het, is hierdie tyd. Dis 'n skuddingstyd. Dis 'n ontstuimige tyd vir sondaars, maar dis 'n wonderlike tyd vir Christene, omdat ons weet dat—dat ons oppak, of die laaste paar poginkies aanwend, om Huistoe te gaan en die Here te ontmoet.

23 Nou mense, vandag, soos jy rondkyk en die groot probleme en spanning sien, wat vir die volk wag. Waar, 'n paar aande gelede, ek met iemand gepraat het, was een van hierdie wagte wat dopgehou het. En hulle het gesê: "Broer Branham, ons is net beveel deur die regering om mense nooit meer te waarsku om naby . . . weg van die venster af op die vloer te lê, as die bom tref, of om nooit in 'n kelder in te gaan nie, want hierdie nuwe bom wat hulle kan radio-beheer van Moskou af na Vierdestraat in Louisville, en reg op die straat tref. Dit opskiet. Dit het teer- . . . goed daarbinne, plofstof, en dit soveel duisende vat, soveel duisende. Deur die sterre en radar bestuur, en dit reguit op Vierdestraat, Louisville, laat val, van Moskou, Rusland af. En as dit daar sou tref . . . Hoef nie 'n vliegtuig of niks te gebruik nie. Dit net laat afgly *hier*, en dit sal net *daar* land. En dit sal 'n gat in die grond skiet, van 'n area, die diepte van honderd vyf-en-sewentig voet vir vyftien vierkante myl, na enige kant toe wat dit gaan, vyftien vierkante myl. Daar is niks anders om te doen as om gereed te maak om die vlug na bo te neem nie, is die enigste ding om te doen wanneer daardie tye aanbreek.

24 Dink net, hulle kan vyftig van hulle, of honderd van hulle afskiet, op een slag, as hulle wou. Dit sal alles verby wees, binne die bestek van . . . Ek dink dis 'n sestig of tagtig minute, of iets, of sekondes—sekondes, liewer, van daar af hiernatoe, tot die hele vernietiging van die ganse ding sou plaasvind. Daar sou niks oor wees tussen Louisville en Henryville, en tussen Louisville en—en Bardstown, of daar onderin, behalwe een gat in die grond met 'n klomp stof wat daarin lê nie. Dis al wat sou oor wees, behalwe die areas waar dit sal uitgaan, en sal brand vir myle en myle en myle anderkant dit. En terwyl een daar val, val 'n ander een oorkant êrens, om daarby aan te sluit.

25 Ek is so bly dat ons 'n Skuilplek het. "Die Naam van die Here is 'n sterk Toring, die regverdige vlug Daarin en is beskut." Maak nie saak hoeveel bomme of hoeveel enigiets anders wat . . . Ons is

veilig Daar. So, vir die wêreld en die sondaar, wat nie hierdie Skuilplek, of hierdie veilige Plek het nie, is dit 'n skuddingstyd. Ek glo, as ek nie 'n Christen was nie, sou ek mal geword het, om te dink aan wat op enige tyd kan gebeur. En met 'n huis vol klein kindertjies, en alles, sou ek nie weet wat om te doen nie. Maar ek is so bly dat ek in my huis kan staan en 'n Skuilplek aan hulle kan voorstel wat geen bom, of enigiets anders, ooit kan aanraak nie, onder die beskermende Vlerke van die Here Jesus. "Nie deur krag, of deur geweld nie, maar deur My Gees," sê die Here. Sien? Dis ons beskerming.

26 En wat 'n groot, glorieryke tyd is dit, om te weet dat alle sonde en stryd en beproewinge van die lewe binnekort verby sal wees. Dit sal alles verby wees een van hierdie dae, en ons sal Huistoe gaan om by die Here te wees. Nou, wat oor is, is 'n tyd om die Evangelie te verkondig en om soveel, in hierdie Toring in te bring, soveel as wat ons kan.

27 En dan, soos ons die patroon van ons les vandag sien, van Elía, gedurende sy heerskappy, hy . . . of, sy pelgrimstog op aarde, wel, hy was 'n groot, magtige man. God het hom op magtige maniere gebruik, met groot krag. En ons vind uit dat gedurende hierdie tyd, daar 'n groep nabootsers was, wat Elía probeer naboots het, wat dieselfde dinge probeer doen het wat Elía gedoen het.

28 En so vind ons dieselfde ding vandag; nabootsing van Christelikheid, mense wat probeer optree soos Christene, wat hulleself Christene probeer maak. Jy kan nie dit doen nie. God moet dit doen. Hy's die enigste Een Wat dit kan doen.

29 So hulle het 'n skool gevorm, en dit genoem: "die skool van die profete." En hulle het almal na die skool van die profete toe gegaan, en hulle het hulle geleer. En ek kan my voorstel al daardie predikers daar, wat dieselfde soort jas aangetrek het wat Elía gedra het. Ek kan my voorstel hoe probeer is om sy stem na te boots, hoe hy gepraat het. En—en hoe hy homself voorgestel het, almal wat dieselfde ding probeer doen het, want Elía was 'n groot man, wat deur God gebruik is.

30 En ons vind dieselfde ding vandag. Ek het geluister na 'n radio uitsending, nie lank gelede nie. Hulle het Billy Grahams regoor hierdie land, vandat Billy in Louisville was. Almal probeer dieselfde ding naboots, amper hulle hare op dieselfde manier kam, en—en dieselfde ding dra, en dieselfde soort stem, ensovoorts. Maar jy kan dit nie doen nie. Jy moet net wees wie jy is en wat God jou gemaak het om te wees. Dis reg. En so vind ons hoedat dieselfde ding, miskien, plaasgevind het in daardie dae.

31 Nou, God, wat gesien het, vooruit gesien het dat Elía se dae getel was, dat hy so lank gehad het wat hy hier op aarde kon bly, soos wat elkeen het. So, Hy sou 'n opvolger van Elía hê. En toe Hy het, het God hierdie man geroep. Hy was in geen kweekskool

toe Hy hom geroep het nie. Hy het geploeg op 'n land, met 'n trop osse, aan die werk, of aan die sorg vir sy moeder en vader. En God het hom geroep om die opvolger van Elisa, of Elía te wees.

32 Miskien het baie by die skool gedink hulle was seker hulle gaan sy opvolger wees, hulle gaan sy kleed dra sodra hy klaar was daarmee.

33 Maar, God doen die roepwerk. God doen die uitverkiesingswerk. God doen die uitverkiesing. God plaas in orde. "God het in die Kerk geplaas: sommige, apostels; sommige profete; sommige, leraars; sommige, evangeliste; en pastore." God doen dit, Self. Ons kan nie een haar swart of wit maak, nóg kan ons een ding voeg by ons gestalte deur daaraan te dink nie. God, in Sy oneindige genade, en deur Sy uitverkiesing en Sy voorkennis, plaas hierdie dinge in orde, en elke wiel werk net reg. Ek hou daarvan.

34 Ek sou 'n mismoedige man gewees het, vanmôre, as ek nie geglo het in die uitverkiesing en roeping van God nie. As ek gedink het hierdie wêreld is oorgelaat aan die voleinding daarvan, deur die krag van die mens, en deur die wysheid van die mens, en deur "die groot viere," en die V.N.'s, en wat nie eers ooit God se Naam noem nie. Ek sou 'n mismoedige persoon gewees het. Maar ek kyk nie daarna vir die voleinding nie.

35 Ek kyk af in die bladsye van hierdie ou Boek *hier,* waar God Dit uitgeskryf het, en alles sal net presies gebeur soos Hy dit gesê het, en dis al. So, die enigste ding vir my om te doen, is nie om in lyn te kom met hulle nie, maar om in lyn te kom met Gólgota. In lyn te kom met God, in lyn te kom met Sy Woord, in Sy Woord te bly. Maak nie saak hoeveel dit lyk asof dit *so* gaan wees nie; dit gaan wees soos God dit bepaal het om te wees. Dit kan niks anders wees nie. Want, Hy wat oneindig is, het die einde van die begin af geken, en Hy laat alles tot Sy eer werk. Dis reg.

36 "Alle dinge sal moet meewerk." Alles sal reg tot op sy plek moet kom. Goeiste! As dit nie die moed in 'n Christen sou skep nie! Niks kan verkeerd gaan nie. In elk geval, dis nie ons stryd nie; dis Syne. Dis nie ons wysheid nie; dis Syne. Die enigste enkele ding wat ons moet doen, is om ons geloof en vertroue daar te plaas, en stil te sit en die heerlikheid van God te aanskou, te sien hoe Dit ombeweeg na Sy plek, en elke wiel wat draai. Dit mag verstrooid wees van kant tot kant, maar Dit sal reg in Sy plek inbeweeg wanneer God die Woord spreek.

37 Hy het die einde van die begin af geken. Hy het geweet hy sou kies. Hy het geweet Elisa gaan Elía se plek inneem, voordat die wêreld ooit gevorm was. Alles moet net presies reg uitwerk.

38 En ons is bekommerd oor ons geliefdes, ensovoorts: "Sal hulle ooit inkom?" Hulle name, as hulle geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe, voor die grondlegging van die wêreld, sal hulle reguit daar inwerk. Dis die enigste ding wat hy kan doen.

Ons gee getuienis en skyn die Lig. God doen dit, die Een wat Dit na hulle toe bring.

39 Nou, let op, in Elía, dan, na hy sy kleed oor hom gegooi het, en dit vir hom aangetrek het. Met ander woorde, Elía die profeet, wat die mantel van God oor sy skouers gehad het, hy het afgekom en dit oor Elisa, die boer, gelê, om te kyk of dit vir hom sou pas. En dit het omtrent tien jaar van verstelling geverg, vir daardie mantel om te pas.

40 Julle weet, God sit ons gewoonlik in die winkel en verstel ons. Nou, Hy het nie sy kleed verstel om Elisa te pas nie; Hy het Elisa beveel om in die kleed te pas. En dis wat Hy vandag doen. Hy verstel ons om in die kleed te pas, nie die kleed om vir ons te pas nie. Partykeer wil ons die kleed vir ons laat pas, maar ons kan nie dit doen nie. Jy moet self (toelaat) dat jy verstel word, vir die kleed. Dis God se kleed, en Hy het dit volmaak gemaak. En ons moet. . . Hy moet ons in daardie sfeer inbring, om die kleed vir ons te laat pas.

41 So, ons kan nie self volmaak wees nie. Ons weet ons kan nie. Daar is geen manier vir ons om te wees nie, en, tog, het Hy vir ons gesê om te wees. So, maar, wat Hy gedoen het, Hy het 'n versoening vir ons gemaak; die Here Jesus Christus en Sy geregtigheid. Dis waar die volmaaktheid kom; om ons eie heiligheid te ignoreer, waarvan ons niks het nie; en ons eie gedagtes, wat nie behoort te wees nie. Maar ons rus plegtig op die voltooide werk van die Here Jesus. God het Hom na die aarde toe gestuur, en dit was in Hom wat ons rus.

42 Let op, al hierdie jare, sover ons weet, het hy net daardie een doop van die kleed gehad wat oor hom gegaan het. Maar deur die jare, het God die man se karakter gevorm tot by 'n plek waar, na sy roeping, dat hy in die kleed sou pas en die dienskneg van die Here sou wees.

43 En toe, toe Elía verbygegaan het en dit oor hom gegooi het, en hulle begin gaan het na Gilgal toe en baie ander plekke waarheen hulle gegaan het, verder na die skool van die profete toe, op hulle pad, verder gereis het. En, uiteindelik, het Elía probeer om Elisa te kry om om te draai. Het julle dit opgelet? Hom sover probeer kry om om te draai. Gesê: "Ek. . . " Met ander woorde: "Miskien is die pad 'n bietjie te steil vir jou, seun. Miskien is dit 'n bietjie te smal vir jou om te bewandel."

44 Julle weet, waar Elía was, was reguit. En waar ook al God se ware dienskneg die Evangelie preek, is dit 'n reguit, onvervalste Evangelie waar Dit gepreek word.

45 Wel, eendag, het hy daar opgegaan na die skool van die profete toe, om hulle te besoek, en hulle het hom gevra om te gaan. Hulle het gesê: "Dis te reguit hierrond, vir ons."

46 Wat ons vandag nodig het, is nog ’n bietjie reguit, Evangelie prediking wat die koring van die kaf sal skei, of die regte van die verkeerde. Wat reg is “reg” maak, en wat verkeerd is “verkeerd.”

47 Al hierdie kêrels met hulle ondervinding, en alles wat hulle was! Hulle het uitgestuur om iets te kry om te eet, en een van hulle het ’n wilde rank gekry, en ’n paar wilde karkoere versamel, en ’n bietjie dood opgekook in hulle kerkpot. En, die eerste ding waarvan jy weet, het hulle uitgeroep: “Daar’s dood in die pot!”

48 Maar Elía, met ’n dubbele deel, het geweet wat om te doen, so hy het ’n handvol meel in die pot gesit. Gesê: “Nou gaan reguit voort en eet dit.” Met ander woorde, hulle . . .

49 Vandag, ’n tipe, waaraan ek sou dink, wat ons ’n klomp Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, Pinksters, en al die res het, almal deurmekaar gemeng, en een wat teen die ander veg. En ons het nie nodig om die hele ding uit te gooi en daarmee weg te doen nie. Ons het nog ’n handvol Meel nodig. Dieselfde kerk te behou.

50 Die meel het uit die huis van die skool daar gekom, wat die meel-offer was, wat die mense ingebring het, en die eerste vrugte van die oes wat met ’n sekere meulsteen gemaal is, wat elke korrel van die meel dieselfde gemaak het. En toe, toe . . .

51 Hierdie meel, wat dieselfde was, was ’n tipe van Christus. Meel is lewe. En wanneer die tipe van Christus, die meel, wat dieselfde gemaal is; wat beteken: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” En die meel is die meel-offer, en toe hulle hierdie meel daarin gesit het, het deur Christus in die dood in te sit, Lewe voortgebring. Dis wat die verskil maak in ons dooie vorm, in ons verskille, in ons geestelike argumente en alles. As ons net Christus daarin sou inbring, sal dit die dood, en verwydering, in Lewe verander, as ons dit net sou doen.

52 Daar is negentienmiljoen Baptiste in Amerika. Daar is dertienmiljoen Metodiste in Amerika. Daar is elfmiljoen Lutherane in Amerika. En tienmiljoen Presbiteriane in Amerika. En God alleen weet hoeveel Katolieke, wat enige van die denominasies oortref. Maar, in dit alles, wat het ons nodig? ’n Handvol Meel. Ons moet Lewe in die kerk inbring. En Christus is die Lewe. Hy het gekom om vir ons Lewe te bring.

53 So, hulle het hulle argumente gehad, en hulle skole, en hulle teo- . . . teologieë, ensovoorts.

54 En toe het Elía vir Elisa gesê: “Jy beter omdraai, want die pad mag dalk ’n bietjie moeilik raak.” Maar ’n man van God wat dit eenmaal trotseer het, of vir wie die kleed van God se geregtigheid en krag oor sy skouer gegooi is, is dit nie te maklik om om te draai nie.

55 Toe ek die pastoor hoor sê het, vanmôre, dat ons . . . “Baie raak mismoedig.” Wat ons nodig het, broer, is om moed te skep!

Wat ons nodig het, is om bemoedig te word. Dis reg. Beproewinge mag kom. Ons is nooit belowe dat ons immuun sou wees teen hulle nie, maar Hy sou genade gee om deur hulle te gaan. As die berg te hoog is om bo-oor te gaan, te diep om onderdeur te gaan, te wyd om rondom dit te gaan, sal Hy genade gee om daar deur te gaan. Dis reg. Moet net nie bekommerd wees nie, maar hou jou oë op Christus, want Hy is die enigste Een wat ons kan deurvat.

56 Nou, ons sien hulle soos hulle aangaan, na die skool toe kom. En hy het gesê: "Bly jy nou hier. Bly hier, en wees 'n goeie leraar van teologie, ensovoorts. En jy mag waarskynlik, eendag, die dekaan van die kollege hier word. Maar ek moet 'n bietjie verder aangaan."

57 Kan julle julle voorstel dat 'n man van God tevrede sou wees om 'n dekaan van 'n kollege te wees, wanneer die Krag van God reg rondom gelê het waar hy gestaan het? Nee, meneer. Hy het gesê: "So waar as die Here leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie." Ek hou daarvan.

58 Bly daarby, maak nie saak hoeveel teenstand nie, selfs as dit kom van jou ma, jou pa, of van jou pastoor af. Bly by Hom.

59 Verder na die Jordaan het hulle gegaan. Hulle het oorgegaan. En Elía het gesê: "Nou, wat wil jy hê moet ek vir jou doen?"

60 Hy het gesê: "'n Dubbele deel van u gees om op my te kom." Hy het geweet hy het 'n werk gehad om te doen. Hy het gesê: "'n Dubbele deel." Nie net 'n goeie, warm ondervinding nie, nie net 'n goeie handdruk, of 'n goeie gemeenskap met die res van die kerk nie. Maar: "Wat ek wil hê, is 'n dubbele deel van wat nou die beste is."

61 Ek sê vir julle, wanneer God 'n man plaas vir 'n wêreldtaak, moet hy iets beter hê as wat die wêreld het. Hy moet iets beter hê as wat die kerk het. Hy moet gaan vir 'n dubbele deel.

62 En as daar ooit 'n tyd was wat 'n dubbele deel nodig is, is dit vandag, in die sfere van die mense; iets beter, iets hoër. Ek kan nie . . . Ek dink boontjies en mieliebrood is baie lekker, maar partykeer moet ek na 'n bietjie hoër streef. En ons doen dit; ons moet. Ons moet aanhou klim. Israel het afvallig geraak as hulle op dieselfde terrein gebly het. Sy moet bly vorentoe gaan of agteruit gaan. En dis hoe die kerk is.

63 So, soos hulle voortgegaan het, was dit nie meer as 'n paar minute nie, totdat hy gesê het: "Jy het 'n groot ding gevra, maar, nietemin, as jy my sien wanneer ek gaan, kan jy kry waarvoor jy gevra het."

64 Nou, dit moet doelgerig wees, eendragtig, met een doel voor oë, met jou oog op die belofte. Hum! As jy siek is vanmôre, as jy beproef is, daar is een groot belofte; nie deur Elía nie, maar deur God Self. "As julle kan glo, wanneer julle bid, glo dat julle ontvang waarvoor julle vra, en julle sal dit ontvang." Maak nie

saak wat die dokters sê, hoeveel *dit* gaan of *dat* gaan nie; bly gerig op die belofte.

65 Elía het hom 'n opdrag gegee: "As jy my sien wanneer ek gaan, sal dit op jou kom."

66 Daar's 'n belofte: "As julle kan glo, alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

67 Partykeer kyk ek na myself, en dink: "Ek was so 'n jellievis in my lewe. Ek het gewag, en baie duisende siele gemis, vir die Koninkryk, omdat ek gewag en gesê het: 'God . . .' Te veel staatgemaak het op 'n geestelike gawe. En gesê het: 'Here, as U my net sal wys, as U vir my 'n visioen sal gee wat om te doen.'" En God 'n visioen gee, dan sal ek omdraai en iemand my in iets anders laat inpraat.

68 En, o, ek het nog nooit die punt bereik, totdat ek . . . soos wat ek het op hierdie tydstip, dat ek voel dis 'n geloof, dat ons moet uitstap daar, omdat dit 'n belofte is nie. En die dinge wat Hy gedoen het, en die genesings wat Hy gedoen het, en die wonderwerke; insoverre, afgekom en Sy foto langs ons laat neem, ensovoorts, wat ongekend is vandat die wêreld begin het. En dan rondstaan soos 'n jellievis? Dit maak my selfs mismoedig oor myself. Dis tyd om julle oog op die belofte te hou.

69 En dis wat ek, deur God se genade, beplan om te doen. Ek besef dat elke duiwel in die hel daarna sal skiet. Maar, deur God se genade, beplan ek om my oog op die belofte te hou.

70 Elía het gesê: "As jy . . ." Elía het gesê: "As jy my sien wanneer ek gaan, sal jy kry waarvoor jy gevra het." Dis reg. Jy moet jou oog daarop hou; die belofte dophou. Soos, wat as sommige van die skool, as hy sou omdraai, en sê: "Haai, kêrels, hoe vaar ek nou, deur net die profeet te volg?" Hy sou miskien gefaal het. Maar hy het nie omgegee wat die skool gedink het, of wat al die leraars gedink het nie. Hy het nie omgegee wat die bure gedink het, of die huise, of wie na hom gekyk het nie. Hy het sy geloof behou in die belofte.

71 Wat ons vandag nodig het, is geloof in die belofte van God, en nie steur aan wat *hierdie* een sê of *daardie* een sê nie.

72 Soos 'n broer gesê het, 'n prediker het twee dogters gehad wat stom was, en dat die kritiek op Goddelike genesing, dat: "Die kinders kon nie genees word nie."

73 Moet jou nie steur aan die kritici nie. Hou jou geloof op die belofte. God het so gesê! "Die gebed van die geloof sal die kranke red, en God sal hulle oprig." As Hy een doofstomme kan laat hoor, kan Hy nog 'n doofstomme laat hoor. Ons weet, deur onfeilbare bewyse, dat Hy dit doen. Hou ons geloof op die belofte. Ons oë gerig; ons ore gerig; ons harte gerig; en, een ding, op Jesus Christus, en Hy is in staat om te doen dit wat Hy belowe het. O, wanneer ons daaraan dink, verander dit die hele toneel wanneer

ons dit kry. God het die belofte gemaak. God was die Een wat dit gesê het.

74 Nou, *hier* was God se verteenwoordiger wat dit gesê het, en nou het God dit Self gesê. Wat kan ons dan doen? Niks behalwe ons gedagte daarop hou nie. Gesê: "As jy my sien as ek weggaan, kan jy die belofte kry." Elisa het sy oë op Elía gehou. Maak nie saak wat geskree het van elke kant af, wat gebeur het aan elke kant, wat voor dit gebeur het nie, hy het nooit eers daarna gekyk nie. Hy het sy oë op die belofte gehou. Daar het julle dit, julle oë op die belofte.

75 Ek dink aan die dame wat ons nou die aand besoek het, Suster Sauer. En die dokter wat haar vertel het hoe erg sy was. En ek het haar nooit gesê nie; die geliefde vertel. En hoe onmoontlik dit sou wees vir haar om ooit gesond te word. Nou, broer, haar skoonseun het my daaroor gevra. Ek het gesê: "As sy haar oë op die belofte kan hou." Maak nie saak wat gebeur nie, hou jou oë op die belofte.

76 'n Paar weke gelede, Suster Wood hier, en Broer Wood, twee boesemvriende van ons hier by die kerk. Ek was in Michigan saam met my vriende, Leo en Gene. Ons het die Chicago byeenkoms verlaat en saam met party van hulle mense gegaan, na . . . vir twee dae, om te gaan takbok jag met pyle en boë. En op my pad terug, het my vrou my in die hande gekry, en sy het gesê: "Bid vir Mev. Wood se ma. 'n Kanker het haar gesig weggevreet." En gesê: "Ek het Suster Wood nog nooit so ontsteld gesien nie. Sy huil." Suster Wood was altyd 'n geloofsheldin, vandat God haar seun genees het van 'n kreupelbeen, en haar genees het van TB, ensovoorts. Maar sy het ingegee.

77 Daar by die kamer, daardie nag, het ons gebid. Toe ek ingekom het, het Mev. Wood gesê: "Broer Branham, ons sal soontoe gaan." En ons het na haar ma toe gegaan, wat in Louisville was. En sy het 'n kanker aan die kant van haar neus gehad, en die dokter het daarmee gelol, dit versprei; tot net 'n klein ringetjie aan die kant van haar neus, en boontoe net omtrent 'n agtste van 'n duim van haar oog af, net die been wat daar gelê het. Dit klaar weggevreet net so vinnig as wat dit kon wegvreet.

78 In die kamer ingegaan, en ek het gekniel. Ek het gesê: "Ek wil alleen met haar praat." En ek het in die kamer ingegaan om te bid saam met die vrou. En terwyl ek in die kamer was, het ek gedink: "O God, as U my net 'n visioen sal wys van wat gaan gebeur met die vrou." Mnr. en Mev. Wood wat buite sit en wag het, om te sien wat die visioen sou sê.

79 Waar terwyl ek daar was, is ek veroordeel. Ek is veroordeel om te wag vir 'n visioen. Gelyk asof Iets terugverwys het, nie die roeping was nie. "Waarvoor het jy 'n visioen nodig, wanneer die belofte alreeds gespreek is?" So ek het gekniel en gebid. En

onder gebed, het iets net aan die binnekant geanker, die geloof van die belofte.

80 Weer uitgekom. En Mev. Wood, toe ek haar daarvan vertel het, het sy gesê: "Het jy enigiets gesien, Broer Branham?"

81 Ek het gesê: "Ek het nooit presies iets gesien nie, maar ek het Iets gevoel wat vir my gesê het dat Sy belofte waar was en dat Hy dit gaan doen. En ek glo Hy gaan dit doen."

82 En binne minder as vier-en-twintig uur, het die punt van daardie kanker begin wegbreek en 'n roof daaroor gevorm. Kankers vorm nie rowe nie, soos julle weet, behalwe as dit dood is. So daar was dit nou. En die vrou is genees, en tuis. Wat 'n wonderlike Christus! Deur ons oë op die belofte te hou! God het so gesê!

83 Maar wanneer daar partykeer vir ons gebid word, gaan ons weg en sê: "Wel, dit is nie net onmiddellik gedoen nie, so miskien moet ons liewer weer teruggaan." O, nee.

84 Hou jou oog op die belofte. God het so gesê, dit handel dit af. Dis al daarvan. As God so gesê het, is God in staat om Sy belofte te hou, of Hy sou dit nooit gemaak het nie.

85 Abraham het daardie dinge genoem, wat nie was nie, asof hulle was. En het, vir vyf-en-twintig jaar, op die onmoontlike gestaan, omdat hy gereken het God is in staat om te doen wat Hy belowe het. Amen. En ons is die kinders van Abraham, deur die geloof.

86 Sekerlik, het Elía sy oë gehou op . . . of Elisa op Elía, en soos hulle verder gegaan het. En naderhand, het die wa gekom en hulle geskei, een na eenkant en die ander, en toe het dit Elía opgelaai. Op . . . Hy het op die wa geklim en opgegaan, en sy kleed van sy skouers afgehaal en dit teruggegooi na Elisa. Want, Elisa het daarin ingegroei, julle weet, so dit het hom goed gepas. En kan julle julle voorstel . . .

87 O, ek wil hê julle moet my julle onverdeelde aandag gee, terwyl ek my keel voel kriewel. Ek wil vir julle iets vra.

88 Kan julle julle voorstel hoe Elisa gevoel het toe hy hierdie kleed opgetel het, dit oor sy eie skouers geplaas het? O, wat 'n gevoel!

89 Ek bedoel dit nie persoonlik nie, maar omtrent tien jaar gelede, het ek hier van die preekstoel af, gepreek oor 'n preek; Dawid, die soldaat met 'n slingervel in sy hand, en Goliat voor hom. En daardie dae was daar geen genesingsveldtogte op die veld, nêrens, waarvan ons geweet het nie. En, o, hoe krities was mense nie oor Goddelike genesing nie! Maar daar was iets, na die ontmoeting met 'n Wese. En die pastore het vir my gesê ek was besig om my verstand te verloor, dat dit nie so kon wees nie. Maar, vanaf hierdie selfde platvorm hier, het ek gepreek oor Dawid. Gesê: "Wil julle vir my sê dat hierdie, die leërs van die

lewende God, daardie onbesnede Filistyn sal toelaat om hierdie leër uit te daag?"

90 'n Klein krom-skouer, krul-haar seuntjie met 'n skaapveljas aan, en 'n slingervel in sy hand; met 'n hele leër van Israel wat terugdeins. En hy, alleen, het uitgestap. Met 'n man, met 'n—met 'n spies omtrent negentien voet lank, en die ding aan die punt daarvan het verskeie sikkels geweeg, miskien twintig pond staal, skerpgemaak; 'n negentien-voet spies. Met vingers veertien duim lank. En Dawid het miskien negentig pond geweeg, en gestaan, op-en-af gespring, soos 'n kapokhaantjie, wat sê—wat sê: "Wil julle vir my sê, o, goeiste, dat julle daardie onbesnede Filistyn sal toelaat. . . " [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel—Red.] "As hy op sy plek bly, laat hom bly. Maar hy daag die leërs van die lewende God uit." O, goeiste, wat 'n held! "En julle is almal te bang om daarteen te gaan veg?" Gesê: "Laat ek hom beetkry." O, goeiste! Hy het gesê: "Die God van die Hemel het my 'n leeu laat doodmaak met 'n slingervel. Hy het my 'n beer laat doodmaak met 'n slingervel. En hoeveel te meer sal Hy daardie onbesnede Filistyn in my hand gee!" Sekerlik.

91 En toe die eerste oorwinning behaal is, en Goliat verslaan is, het die hele leër van Israel Dawid gevolg. En hulle het koppe afgekap en verslaan, Israel. . . of die Filistyne verslaan tot reg in hulle eie land in. Hulle het hulle in die hoeke gedryf, en hulle doodgemaak, en hulle stede ingeneem, en alles, en die oorwinning behaal.

92 Broer en suster, dieselfde ding is gedoen in die sfere van die bonatuurlike, toe hulle gesê het: "Goddelike genesing kan nie werk nie. Die dae van wonderwerke is verby." As die dae van wonderwerke verby is, is die dae van God verby. Die kerk wat nie in die bonatuurlike glo nie, sal uiteindelik sterf, en God sal die kerk verlaat. Moet! En God het die belofte gegee, en God se beloftes is Ewig.

93 Hier 'n tyd gelede, toe 'n paar meisies met radium gespeel het, en dit sou doop, en die radium wysers op die horlosies verf. Ek het daarvan op hierdie een. En 'n meisie het 'n fout gemaak en die kwas geneem en dit in haar mond gesit. Dit het haar doodgemaak. En jare en jare later, het hulle 'n mikroskoop geneem en dit op die skedel van daardie meisie gesit, en hulle kon steeds daardie radium hoor gaan: "Burr-burr-burr." Dis eindeloos. Dit hou aan werk, aan en aan. Daar is geen manier om dit te stop nie.

94 En, o, broer, as radium daardie soort effek in ons het, hoeveel te meer sal die eindelose, Ewige, bonatuurlike, al-vermoënde, al-oneindige, Almagtige God hê! Hy moet dieselfde effek hê as waarmee Hy begin het. Hy moet dit die heelpad deur hê, of Hy's nie die Almagtige, al-vermoënde God nie. Hy wag nogsteeds vir

iemand met ’n sterk geloof, wat sal uitstap en die vyand uitdaag op grond van Sy Woord en sê dat Dit so is.

95 En wat het nou gebeur, sodra die groot genesingsdienste begin het? Tienduisende soldate, van God se manne, wat agterin klein kerkies gelê het, soos Oral Roberts, Tommy Hicks, en baie van die ander besondere manne op die veld, het hulle Swaard uitgetrek en daar het hulle gegaan. *Hierdie* Swaard wat met beide kom-en-gaan kap, op-en-af, en in-en-uit: “’n Onderskeier van die gedagtes, selfs tot die murg van die been.” Hulle het hulle Bybels uitgetrek, hulle Swaard, en uitgestap, toe hulle gesien het dit kan gedoen word. En ons het die vyand verslaan, deur die genade van God, totdat die hele wêreld ’n genesingsherlewing gehad het. Dit kan gedoen word. Klein pastoortjies wat klein twee-by-vier kerkies gehad het, ensovoorts, het vlam gevat en die visioen gesien, die Swaard uitgeruk en uitgegaan, en die vyand uitgedaag.

96 Hoe weet julle daar is? Daar is groot manne, Kongreslid Upshaw, Koning George van Engeland, en baie groot manne wat siek en beproefd gelê het, wat genees is deur die Krag van Almagtige God. So hulle kan nou niks daaroor sê nie. Dis gedoen. Sekerlik! Hy was . . .

97 Toe het Elía gegaan. Na . . . Sy hele hartsbegeerte was om daardie belofte te verkry. Hy wou die belofte hê. Dit was sy motiewe. Dit was sy alles. Dit was sy lewe. Dit was sy bedoeling, alles. Alles, geheel en al, het afgehang van die verkryging van daardie belofte.

98 Ek is oortuig om te glo dat ons nie opreg is oor hierdie ding waarvan ons praat nie. As jou hele motief, vanmôre, berus op: “God die eer te gee vir my genesing. Ek’s vasbeslote om genees te word deur die Krag van God. Ek’s vasbeslote om ’n Christenlewe te lei. Ek’s vasbeslote om in vrede met God te wandel. Ek’s vasbeslote om dit te doen. Ek gee nie om wat moeder sê, wat kerk sê, wat pastoor sê, wat enigiemand anders sê, wat die wêreld sê nie. Ek’s vasbeslote. Dis die enigste doel van my hart.” Dan gaan jy iewers kom.

99 Toe, toe Elía gesien het hy was vasbeslote om dit te kry. Elía, Elía het gesien Elisa was vasbeslote, het hy vir hom die belofte gegee. Nou die belofte was: “As jy my kan sien wanneer ek gaan! As jy my kan sien wanneer ek vertrek!” Nou is dit oorgelaat aan Elisa. Hy wou die belofte hoor, so hy het die belofte gekry. Nou is daar ’n “as” daarin. “As jy my kan sien wanneer ek gaan!”

100 Nou, as jy siek is vanmôre, en jy wil genees word, kan ek vir jou bewys dat Christus vir jou die belofte gegee het. Die belofte is joune: “As julle kan glo! As julle kan glo!” Moenie verslaan word nie.

101 Nou is Elisa toegedraai in die kleed van Elía, die profeet. Wat ’n oorwinnaarsmars! Hoe hy gewandel het, geloop het Hemel

toe, as 'n oorwinnaar! Hy het die belofte gehoor. Hy het die krag gevoel. Hy het gewandel soos 'n soldaat, reguit na die Jordaan toe.

102 Prys God, vriend! Elke gelowige, vanmôre, wat beklee is met die geregtigheid van Christus, is oppad na die Jordaanweg. Dis reg.

103 Laat atoombomme kom; laat haar, hoe ook al. Ons is beklee en oppad, die oorwinnaar. Amen. Ek . . . "Moenie bevrees wees nie. Ek het die wêreld oorwin." Ja, meneer! Onthou wat? "Ek het die wêreld oorwin." [Broer Branham klap sy hande twee keer—Red.] Christus het dit gesê. [Broer Branham slaan twee keer op die preekstoel—Red.]

104 Elía het gestap met 'n tweedehandse kleed aan, selfs soos 'n oorwinnaar, korrek, oppad na die Jordaan.

105 Broer, laat ek dit met respek vir jou sê. Moet jy nie iemand anders se kleed aantrek wat heeltemal opgevreet is deur motte van twyfel, waar al hierdie nederlae en bygelowe en wisselvallighede gate daarin gemaak het, en hulle alles deurlek nie. Trek jy die kleed aan van die Oorwinnaar, Christus. Moenie vertrou in jou kerk wat eers die verlossing deur die doop, die Heilige Gees, geleer het, wat eers Goddelike genesing geleer het en Dit nou ontken nie, heeltemal opgevreet met die motte van twyfel en al die res. Trek die kleed aan van Hom wat nooit 'n stryd verloor het nie, want jy is op jou pad Jordaan toe. Amen.

106 Nou, hy het 'n tweedehandse kleed aangehad, dis waar. En baie van die mense vanmôre het tweedehandse klede aan. Maar toe hy by die Jordaan gekom het, het hy besef dat die kleed alleen nie die werk sal doen nie. Dis reg. En die kerk, die Metodis, die Baptis, die Pinkster, die Presbiteriaanse: "O, ons het skole! Aan . . . Goeiste, ons het al die etiek, van die Bybel, onder die knie. Ons het beslis die hele geweefde kleed, die beloftes. Ons het dit alles. O, ons is gedoop, gaan onder. En ons is baie apostolies. Ons het die apostoliese geloof aan. Ons glo in Goddelike genesing. Ons glo in God. Ons glo in die Kragte van God. Ons is gedoop, in die Bybel, op die manier wat die Bybel gesê het. Ons het die Heilige Gees ontvang. Ons het in tale gepraat. Ons doen dit alles." Maar, broer, as dit die enigste ding is wat jy nodig het, sal jy jou gebrek ook vind, wanneer jy by die Jordaan kom.

107 O, jy mag geleerd wees. Jy mag slim wees. Jy mag 'n D.D., Doktor van Godsgeleerdheid hê. Jy mag 'n Ph.D., 'n Doktor van Filosofie hê. Jy mag 'n LL.D., Doktor van Latyn hê. Jy mag allerhande soorte grade hê. Jy mag die kleed van die Metodiste kerk op jou hê. Jy mag die kleed van die Pinksterkerk op jou hê. Jy mag die kleed van die Gemeentes op jou hê, of die Eenheid, of die Drie-eniges, of wat dit ook al mag wees. Dis net 'n tweedehandse kleed, om mee te begin, dis reg, van een of ander

mensgemaakte leerstellinge, wat uitgedink is, sovoorts soos dit; en al was jy ook 'n Christen, en die kerk was 'n Christen, en korrek geklee was.

108 Maar toe Elía, daar gestaan het, opsigtelik, voor 'n hele oewer vol rye van profete en kritici, wat gekyk het wat hy sou doen. En hier het hy aangestap gekom met Elía se kleed aan. O, goeiste! Halleluja! Hy is opgelei, op 'n ander manier. Hy is geleerd. Hy is onderdanig. Hy glo. Daar's niks verkeerd met hom nie. Hy kom af na die Jordaan. Die wêreld hou hom dop.

109 O God, hoe ons dit nodig het vandag! Met baie geskoolde en geleerde leraars; met baie manne wat daardie Bybel uitmekaar kan haal en Dit aanmekaar kan sit, in wiskunde; baie manne wat groot dinge kan doen met onderrigting; wat Bybelgeskiedenis ken tot die presiese oomblik, wat vir jou kan sê die uur wat die kers aangesteek is, en die uur wat dit uitgedoof het. Hulle kan vir jou al hierdie dinge vertel. En hulle is. . . Hulle het die waterdoop. Hulle het die geestelike doop, soos hulle dit noem, die kleed. Hulle het net alles in orde.

110 So het Elía ook. Maar toe hy onder by die Jordaan gekom het, om die kritiese wêreld te trotseer, wat het hy uitgeroep? "Waar is die God van Elía?" Dit was nie die kleed van Elía wat dit gedoen het nie. Dit was die Krag van die God van Elía, wat dit gedoen het.

111 En die ding wat die wêreld vanmôre nodig het, is die Krag van die God van Elía. Jy mag in tale gepraat en geskree, en oor die vloer gehardloop het. Maar wat ons nodig het, is die Krag van die God van Pinkster, om die lewens en die dinge voort te bring wat in daardie dag gelewe is, in die apostoliese krag.

112 'n Tweedehandse kleed was goed, maar hy het 'n vars roeping van God in sy hart nodig gehad. Hy het 'n vars salwing van God nodig gehad. Hy het 'n tweedehandse kleed gedra toe hy by die rivier gekom het, maar hy het 'n splinternuwe eerstehandse roeping van God nodig gehad, 'n eerstehandse Krag van God, om 'n wonderwerk te doen.

113 En, my broer, moenie bang wees om God te vra vir enigiets nie. Jy moet God verplig, of God vra, vir enigiets wat Hy belowe het. Want, as ek 'n God voorstel wat almagtig en kragdadig is, en as ek 'n dienskneg van God is, moet ek die werke van God doen. En as ek die werk van God doen, moet ek van God vereis om hierdie dinge te laat gebeur, want Hy vereis van my om die onmoontlike te doen. Ek moet Hom vra. Ek moet Hom aanroep, en daar staan en sê: "God, U het dit belowe." So moet julle, elke persoon.

114 "Julle sal krag ontvang," Handelinge 1:8: "nadat die Heilige Gees op julle gekom het." Nadat die Heilige Gees op julle gekom het! Nadat jy beklee is as 'n Christen, nadat jou geloof gesetel is in Christus, dan sal jy krag ontvang. Daar het julle dit. Ja.

115 En, broer, suster, elkeen van julle, vanmôre, mag ek dit sê voor die gebed vir die siekes! Mag ek dit sê! Met die hulp van God, bid julle vir my. Soos ek gestaan het, tien jaar gelede, op hierdie platvorm, gepreek het oor Dawid en Goliat. Nou, dis nie 'n Goliat wat my gehinder het nie. God het hom voor my verslaan. Maar die ding wat my gehinder het, is 'n gebrek aan geloof, die gebrek aan iets wat ek geweet het beskikbaar was.

116 En vanmôre skree ek weer voor hierdie tabernakeltjie: waar is die God wat hierdie belofte gegee het? Waar is die God wat my ontmoet het hiermee, daar oorkant? Kom na vore, God, en gee vir my 'n moed. Gee vir my 'n krag. Gee vir my 'n vasbeslote gesindheid, ongeag van wat kom of gaan. Of dit donker lyk, óf of dit lyk . . . Hoe dit ook al lyk, aan te beweeg. Die belofte is waar.

117 Broer, suster, een van hierdie dae, aan julle sondaarvriende hier vanmôre, en aan julle mense wat Christelikheid probeer naboots. Jy mag aan die kerk behoort. Dis baie goed. Ek het niks daarteen te sê nie. Niks teen jou goeie skoolgeleerdheid, of teen jou teologie nie. Ek het niks daarteen nie. Maar, o, waar is die God?

118 Dit was buitendien nie Elía nie. Dit was nie Elía wat daardie rivier oopgemaak het nie. Dit was nie sy kleed nie. Elisa het dit van sy skouer afgehaal. Hy het dit gevou net soos Elía het. Maar toe hy begin het om dit te probeer wuif, was daar geen Krag daar nie. Toe het hy uitgeroep, in die wete dat God iewers was: "Waar is daardie God? Waar is Hy?" Toe moes iets die profeet getref het, want hy het daardie kleed gewuif en die water getref, en sy het hiernatoe en daarnatoe geopen. En voor die geestelikes van daardie dag, voor die kritici van daardie dag, het hy oor die Jordaan geloop, net soos Elía voor hom het.

119 Ons het nie die leringe nodig nie; ons het dit. Maar ons het die God van Elía nodig. Ons het die Krag van die God van Elía terug in ons kerk nodig. Die krag om dit daar te laat bly, en God se Woord: "Reg" te noem, ongeag.

120 En ons is, elkeen hier vanmôre, as mense, op ons pad na die Jordaan. "En toe hy by die Jordaan gekom het." Jy gaan daar aankom, een van hierdie oggende of een van hierdie nagte.

121 Toe hy by die Jordaan gekom het, het hy gewandel as 'n oorwinnaar. Maar, toe hy by die Jordaan gekom het, was dit die verskil. Hy het 'n tweedehandse kleed aangehad. 'n Ander man het dit gedra. Maar dit was 'n goeie kleed, en hy het geweet wat die man was wat die kleed gedra het.

122 Broer, suster, een van hierdie môres, moet ek afgaan na die Jordaan.

123 Het gedink. Vanmiddag, gaan ons onder na Broer en Suster Wright toe. Moet hulle nie vergeet nie. Hierdie is hulle goue huweliksherdenking. Ek glo, die kerk, hulle gaan 'n—'n middagete vir hulle hou. Ek het gedink, nou die dag: vyftig jaar!

En ek sien hulle albei, gevorderd in ouderdom en geboë. Ek het gedink: "Ja, ek's sewe-en-veertig jaar oud." Hulle is drie jaar voor ek gebore is, al getroud.

124 Sewe-en-veertig! Ek stap na die Jordaan. Ek moet soontoe gaan. Ek moet daar kom. Ek gaan daar arriveer. Dit mag met 'n ongeluk op die pad wees. Ek mag uit die lug uit val, met 'n vliegtuig. Ek mag deurboor word, met 'n duiwel se pyl iewers, en sterf. Ek weet nie hoe ek gaan nie. Maar, daar's een ding wat ek weet, ek is oppad, en ek stap af na die Jordaan.

125 Maar wanneer ek daar kom, wil ek een ding weet, dat ek ook 'n tweedehandse kleed aanhet. Ek vertrou nie op myne nie, want dit beteken niks. Want, sodra Elía Elisa se kleed opgetel het, het hy syne stukkend geskeur en dit neergegooi. En dis hoe dit was toe ek Christus gevind het. Ek het myself opgeskeur, my eie idees, my eie dwaasheid, my kleinlike dingetjie. Ek het gedink, toe ek 'n klein, Baptiste predikertjie was, was ek net omtrent soos . . . Ek was iemand. Maar, ek het dit uitgeskeur; ek het Sy kleed aangetrek. En wanneer ek by die Jordaan kom, wil ek myself toegedraai vind in Sy kleed. Hy sal dit volg. En ons sal eendag daar arriveer.

Maar laat ons net 'n oomblik bid.

126 Hemelse Vader, terwyl ons op ons Jordaanmars is vanmôre, as oorwinnaars, en eendag, moet ons iets aanbied aan die Jordaan, dis, aan die dood. En, o, wat 'n vreeslike ding sal dit wees, 'n skeiding van God. Ons kan nie oorgaan nie. Nee. Maar, Elía, toe hy daar gekom het, het hy Elisa se kleed aangehad . . . Elía se kleed. En toe hy die kleed uitgetrek het . . . van die Elía, die man wat welbehaaglik was in U aangesig, en U het hom aanvaar en hom opgebring in die Hemel in saam met U. En Elisa het sy kleed aangehad, so hy het vir die Jordaan, die dood, die kleed van Elía aangebied. En dit is aanvaar, en die Jordaan het oopgemaak, en hy het oorgestap.

127 Dierbare God, eendag, moet ons daar kom. Ons kan nie ons goeie werke aanbied nie; ons het geen. Ons kan nie enigiets in die wêreld aanbied nie. Ek wil nie eers enigiets hê, om te probeer aanbied nie, maar ek vertrou geheel en al in die verdienste van Jesus. U het Hom aanvaar, en Hom opgerig uit die dood, en Hy is in die Teenwoordigheid van God ingebring en sal vir ewig daar bly. En, God, ek wil dit aanbied vir U, dat ek in Hom glo, en ek Hom liefhet. En, deur Sy genade, het Hy ons beklee met Sy kleed. En ek bid, Vader, dat U ons nou sal help in die dae van stryd. En waar die manne van God die werke van God moet doen, bid ek dat U ons die kleed van Christus sal laat neem, die krag van die Heilige Gees, en uitroep tot die God wat in Hom gewoon het. Skenk dit. In Christus' Naam vra ons dit.

128 En terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek wonder net, of daar 'n persoon hier is vanmôre, wat probeer afstap na die Jordaan,

sonder hierdie kleed aan. As daar 'n persoon is wat nie die kleed van Jesus Christus aan jou het nie, en al was dit eenkeer gedra deur die Seun van God. Ek wonder, as jy dit nie aanhet vanmôre nie, of jy jou hande sou opsteek na God en sê: "Dierbare God, hierdie uur, wil ek dit nou aanvaar."

129 God seën jou, dame. Sal iemand anders, sal jy jou hand opsteek? God seën jou, seun. Iemand anders, sal jy jou hand opsteek? God seën jou, seuntjie. God seën jou, jongman. Sal iemand anders hulle hand opsteek? God seën jou, daaragter, meneer.

130 Sê dit net: "Met God se hulp, vanmôre, wil ek my eiegeregtigheid verloën, my eie idees, en my gedagtes van plesier en lekker tyd, en sonde waarin ek gelewe het. En ek wil hê Christus moet Sy kleed vir my aantrek, vanmôre, dat ek Sy kleed sal gebruik. Ek weet Dis 'n volmaakte een." God seën jou, seun. Iemand anders sê: "En ek sal net opsteek . . . "

131 Jy steek jou hand op, sê: "Ek wil nou die Heilige Gees in my lewe aanvaar. Ek wil beklee word met Sy geregtigheid. Wanneer ek daar kom daardie dag, wil ek nie myself aanbied en sê: 'Wel, nou, U weet ek het vir iemand steenkool gekoop. Ek het dit gedoen,' nie." Dis goed, dis baie goed, maar dit . . . Iets moet sterf, vir jou om te lewe, en slegs deur daardie daad kan jy gered word. Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Christus, ek versaak nou my eie weg. Ek aanvaar U weg. Ek wil hê U moet my genadig wees wanneer ek aan die einde van die pad kom?" Goed. God seën jou, dame. God seën jou. Goed.

Nou gaan ons bid.

132 Nou, Regverdige, Hemelse Vader, omtrent sewe, agt, tien hande het opgegaan. Ek ken nie hulle toestand nie. U weet alles van hulle af. Ek weet nie. Maar hulle is behoeftig vandag. En hulle besef dat hulle behoeftig is, en hulle is gewillig om te kom en hulp te aanvaar in 'n tyd van probleme; om te sien dat, die groot uur wat nou op hande is, die atoombomme, die groot dinge wat vir ons wag.

133 En ek bid, Hemelse Vader, dat U hierdie mense sal seën, en vandag U hand op hulle sal lê en al hulle ongeregtigheid en twyfel sal wegneem. En mag hulle hulle ou mot-gevrete kleed van eiegeregtigheid weggooi, waar die sprinkane en krieke, en die motte van bygelowe en kerklikheid, gate daardeur gevreet het, en (hulle) dit nie langer sal hou nie. Mag hulle dit net weggooi, en oorreik en die kleed van die Here Jesus kry. Sê: "Ek vertrou op Hom. Ek draai myself toe, nie in my geregtigheid nie, ook nie op my eie gedagtes nie. Maar, van hierdie uur af aan, vertrou ek op U." Gee dat hulle dit sal ontvang, Vader, want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

'N Tweedehandse Kleed AFR56-1125M
(A Secondhanded Robe)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 25 November 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org